basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## MUSIEK V2

## MODEL 2012

## MEMORANDUM

**PUNTE: 30**

**Hierdie memorandum bestaan uit 10 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Skryf jou antwoorde op hierdie vraestel.

4. Hierdie eksamen sal geskryf word terwyl kandidate na 'n CD luister.

5. Die musiekonderwyser van die sentrum moet die eksamen in die teenwoordigheid van die opsiener afneem.

**INSTRUKSIES AAN DIE PERSOON WAT MET DIE KLANKTOERUSTING WERK**

1. Die instruksies vir die musiekonderwyser verskyn in raampies.

2. Elke musiekuittreksel (snit) moet die vereiste getal kere, soos op die vraestel gespesifiseer, gespeel word. Laat genoeg tyd tussen herhaalde snitte om kandidate toe te laat om hulle antwoorde te voltooi voordat die volgende snit gespeel word.

3. Die nommer van die snit moet elke keer duidelik aangekondig word voordat dit gespeel word.

4. 'n CD-speler wat met batterye werk, moet beskikbaar wees in geval van 'n kragonderbreking.

**NASIENROOSTER**

| | **VRAAG** | **TOTAAL** | **NASIENER** | **MODERATOR** |
|---|---|---|---|---|
| **AFDELING A** | 1 | 4 | | |
| | 2 | 3 | | |
| | 3 | 3 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **10** | | |
| **AFDELING B** | 4 | 8 | | |
| | 5 | 6 | | |
| | 6 | 3 | | |
| | 7 | 3 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **(20 ÷ 2) 10** | | |
| **AFDELING C** | 8 | 10 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **10** | | |
| | **GROOTTOTAAL** | **30** | | |

## AFDELING A: GEHOOR

### VRAAG 1: RITME EN TYDMAAT

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

| Snit 1 moet VIER keer gespeel word. |
|---|

1.1 Luister na Snit 1 en beantwoord die vrae.


1.1.1 Benoem die tydmaatteken.

**Antwoord:** 3/4 (1)

1.1.2 Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie om die ritmepatroon wat KORREK genoteer is, aan te dui.

(a)  [ ]


(b)  [X]

(c)  [ ]

(1)

| Snit 2 moet DRIE keer gespeel word. |
|---|

1.2 Luister na Snit 2 en vul die ontbrekende nootwaardes by (a) op die musiekpartituur in.




**Antwoord:**



| 1 punt per slag = 2 punte |
|---|

(2)
**[4]**

## VRAAG 2: MELODIESE EN RITMIESE DIKTEE

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

| Snit 3 moet DRIE keer gespeel word. |
|---|

2.1 Luister na Snit 3 en vul die ontbrekende note by * in.




**Antwoord:**




| 1 punt per slag = 2 punte |
|---|

(2)

2.2 Is die interval tussen middel-C en die ontbrekende noot by (a) 'n majeur derde of 'n mineur derde?

**Antwoord:**
Majeur derde (1)


**[3]**

## VRAAG 3: KOMPOSISIETEGNIEKE

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

| Snit 4 moet DRIE keer gespeel word. |
|---|

Luister na Snit 4 en beantwoord die vrae wat volg.




**Antwoord:**



3.1 Noem die komposisietegniek wat in maat 2 en 3 by (a) gebruik word.

**Antwoord:**
Sekwens (1)

3.2 Noem die komposisietegniek wat in maat 4 by (b) gebruik word.

**Antwoord:**
Herhaling (1)

3.3 Noem die kadens waarmee hierdie uittreksel eindig.

**Antwoord:**
Volmaakte kadens (1)
**[3]**

**TOTAAL AFDELING A: 10**

## AFDELING B: HERKENNING

### VRAAG 4: MUSIEKSTYLE

Lees en bestudeer die vraag vir EEN minuut.

| Snit 5 tot 12 moet EEN keer gespeel word. |
|---|

Luister na Snit 5 tot 12 en noem die styl of genre van elkeen.

**Antwoord:**

4.1 Snit 5: Boeremusiek

4.2 Snit 6: Indiese musiek

4.3 Snit 7: Moppies en ghoemas

4.4 Snit 8: Rock 'n roll

4.5 Snit 9: Pop

4.6 Track10: Afrikaanse musiek

4.7 Track11: Militêre orkes

4.8 Track12: Suid-Afrikaanse inheemse musiek

**[8]**

## VRAAG 5

| Snit 13 tot 18 moet EEN keer gespeel word. |
|---|

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Omkring die korrekte antwoord.

**Antwoord:**

5.1 Snit 13: Die solo-instrument wat in hierdie uittreksel speel, is 'n trompet.

WAAR **ONWAAR** (1)

5.2 Snit 14: 'n Konsertina word in hierdie werk gebruik.

**WAAR** ONWAAR (1)

5.3 Snit 15: Tromme en 'n ratel word in hierdie werk gebruik.

**WAAR** ONWAAR (1)

5.4 Snit 16: In hierdie uittreksel word 'n klarinet gehoor.

WAAR **ONWAAR** (1)

5.5 Snit 17: Die instrument wat in hierdie uittreksel gehoor word, is 'n tuba.

**WAAR** ONWAAR (1)

5.6 Snit 18: In hierdie uittreksel hoor jy 'n slagwerkinstrument met onbepaalde toonhoogte.

WAAR **ONWAAR** (1)

**[6]**

## VRAAG 6

| Snit 19 moet TWEE keer gespeel word. |
|---|

Luister na *Hound Dog* wat deur Elvis Presley gesing word en lewer kommentaar op die vorm, instrumentasie en melodie.

**Antwoord:**

6.1 Vorm: Strofiese lied gebaseer op die twaalf-maat-blues.

6.3 Instrumentasie:
- Elvis Presley word begelei deur 'n tipiese country blues-orkes – kitaar, bas en tromme word gebruik.
- Die gly-effek op die kitaarparty vorm moontlik 'n spieëleffek van Elvis se vokale styl.
- Die agtergrondsangers ('backing singers') verskaf 'n harmoniese 'ooh'.

6.4 Melodie:
- Nou ligging (mineur 6de).
- Die verlaagde 3de gee 'n 'bluesy'-gevoel aan die musiek.
- Effense portamento (gly-effek) kom tussen note voor.

**[3]**

**VRAAG 7**

Beantwoord VRAAG 7.1 OF VRAAG 7.2 OF VRAAG 7.3.

| Snit 20 tot 22 moet TWEE keer na mekaar gespeel word. |
|---|

7.1 Snit 20: Luister na die werk en omkring DRIE woorde, frases of datums hieronder waarmee jy hierdie werk assosieer.

**Antwoord:**

| |
|---|
| **Oratorium** |
| Bach |
| **Handel** |
| Concerto Grosso |
| 6/8-tyd |
| Strykkwartet |
| **1741** |
| 1841 |

(3)

**OF**

7.2 Snit 21: Luister na die werk en omkring DRIE woorde, frases of datums hieronder waarmee jy hierdie werk assosieer.

**Antwoord:**

| |
|---|
| **New Orleans** |
| **1923** |
| Tweeslagmaat |
| **King Oliver** |
| Scott Joplin |
| 6/8-tyd |
| Strykkwartet |
| 1832 |

(3)

**OF**

7.3 Snit 22: Luister na die werk en omkring DRIE woorde, frases of datums hieronder waarmee jy hierdie werk assosieer.

**Antwoord:**

| |
|---|
| Manstemme |
| Tromme en handeklap |
| Tweeslagmaat |
| **Tromme** |
| **Beenratels** |
| Begrafnislied |
| **Lied vir meisies na inisiasie** |
| Koorwerk |

(3)
**[3]**

**TOTAAL AFDELING B (20 ÷ 2): 10**

## AFDELING C: VORM

### VRAAG 8

| Snit 23 moet TWEE keer na mekaar gespeel word. |
|---|

Bestudeer die lied *He Motswala* (elektroniese weergawe) en beantwoord die vrae wat volg.





8.1 Noem die toonsoort van die werk.


**Antwoord:**
G majeur (1)

8.2 Watter sangstyl word in maat 1–8 gebruik?

**Antwoord:**
Vraag en antwoord (2)

8.3 Noteer TWEE prominente ritmiese motiewe wat in hierdie lied voorkom.

8.3.1 

8.3.2 

**Antwoord:**

8.3.1


8.3.2


*(Enige ander relevante motief sal aanvaar word.)* (2)

8.4 Ontleed die vorm van hierdie lied deur die tabel hieronder in te vul.

| MAATNOMMER | BESKRYWING/SEKSIE | TOONSOORT |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |

**Antwoord:**

| MAATNOMMER | BESKRYWING/SEKSIE | TOONSOORT |
|---|---|---|
| 1–8 | A | G majeur |
| 9–20 | B | G majeur |
| 21–29 | $A^1$ | G majeur |

(9 ÷ 3) (3)

8.5 Noem die vorm van die werk.

**Antwoord:**
Drieledige vorm (2)

**TOTAAL AFDELING C: 10**
**GROOTTOTAAL: 30**

Kopiereg voorbehou